

JAARVERSLAG 2017

SA STAMBOEK VERTEENWOORDIGER

M. Burger



Dit is vir my aangenaam om verslag te doen oor die werksaamhede van 'n internasionaal gerekende en erkende organisasie soos SA Stamboek.

Stamboek het steeds die swaard van die hofsaak wat oor sy kop gang. Ons wag vir die datum vir die appèl saak, maar die werk gaan voort en dienste word steeds gelewer. Verskeie nuwe ontwikkelings raak ons telers. So is daar die volgende aanlyn of elektroniese dienste:

- Aantekening van vullens;
- Kastrasies;
- Kansellasies;
- Oordragte;
- Uitdruk van sertifikate.

Bg. dienste bespaar tyd en geld.

Ongelukkig moes ons afskeid neem van Dr. Van Rooyen. Na bykans 20 jaar by SA Stamboek het hy Stamboek se eerbaarheid en integriteit verpersoonlik. Sy kennis van die bedryf en die wet sal gemis word. In sy plek neem Dr. Japie van der Westhuizen waar. Mnr. Van der Westhuizen is 'n gerekende en erkende veekundige in internasionale kringe.

Stamboek se finansies bly onder druk a.g.v. die stygende regs-koste. Die vyfjaar plan vir die prestasie deel loop wel volgens beplanning en selfs met die regs-koste kon die bestuur die begroting laat klop.

Ongelukkig was daar probleme met die elektroniese skouprogram wat deurgewerk word met SA Stamboek en die rekenaarprogrammeerders.

M. Burger